**BERGRIVIER MUNISIPALITEIT / MUNICIPALITY**

**VISIE:**

**Bergrivier: 'n vooruitstrewende gemeenskap waar almal wil leef, werk, leer en speel op 'n menswaardige manier.**

**VISION:**

**Bergrivier: a prosperous community where all want to live, work, learn and play in a dignified manner.**

**KERN WAARDES / CORE VALUES**

**We are all part of Bergrivier Municipality.**
**We render good services to ensure dignified living to all.**
**We are unashamedly pro-poor.**
**We believe in close innovative partnerships.**
**We believe in social and economic development of our area.**
**We care about our work and our colleagues.**
**We are disciplined.**
**We believe in ethical behaviour.**
**We believe in good relationships.**
**We serve with pride.**

## 2021: JAAR VAN VOORTGESETTE VRUGTEVOLLE VENNOOTSKAPPE!

# NOTULE VAN DIE HIBRIEDE (VIRTUEEL / IN PERSOON) RAADSVERGADERING GEHOU OP DINSDAG 25 MEI 2021 OM 14:00 VANAF, PIKETBERG

**TEENWOORDIG:**

**LEDE VAN DIE VIERDE MUNISIPALE RAAD**

| | | | |
|---|---|---|---|
| Rdh. A de Vries | [DA] | : | Speaker |
| Rdh. RM van Rooy | [DA] | : | Uitvoerende Burgemeester |
| Rdd. SM Crafford | [DA] | : | Uitvoerende Onderburgemeester |
| Rdl. MA Wessels | [DA] | | |
| Rdl. AJ du Plooy | [DA] | | |
| Rdl. J Daniels | [DA] | | |
| Rdl. A Small (Me) | [DA] | | |
| Rdl. AA van Wyk | [DA] | | |
| Rdl. SR Swartz | [DA] | | |
| Rdd. SIJ Smit | [ANC] | | |
| Rdl. SS Lesch (Me) | [ANC] | | |
| Rdl. IS Adams | [ANC] | | |
| Rdl. D de Bruin | [ANC] | | |

**AMPTENARE**

| | | |
|---|---|---|
| Adv. H Linde | : | Munisipale Bestuurder |
| Mnr. FM Lötter | : | Direkteur Finansiële Dienste |
| Mnr. JWA Kotzee | : | Direkteur Korporatiewe Dienste *(virtueel ingeskakel)* |
| Mnr. AC Koch | : | Direkteur Tegniese Dienste *(virtueel ingeskakel)* |
| Mnr. DA Josephus | : | Direkteur Gemeenskapsdienste *(virtueel ingeskakel)* |
| Mev. J Erasmus | : | Interne Ouditeur *(virtueel ingeskakel)* |
| Mev. JM Rosenberg | : | Senior Tikster |

***

| | AKSIE |
|---|---|
| **RVN001/05/2021**<br>**<u>OPENING EN VERWELKOMING</u>** | |
| Raadslid Lesch open die vergadering met 'n skriflesing uit die Bybel, waarna die Voorsitter almal verwelkom by die vergadering. | |
| *** | |
| **RVN002/05/2021**<br>**<u>AANSOEKE OM VERLOF TOT AFWESIGHEID</u>**<br>**3/3/1/4** | |
| Bestuurder: Strategiese Dienste - vakansieverlof | |
| *** | |
| **RVN003/05/2021**<br>**<u>VERKLARING VAN BELANGE INGEVOLGE SKEDULES 1 & 2 (GEDRAGSKODE VIR RAADSLEDE EN AMPTENARE)</u>**<br>**3/3/1/6** | |
| Die Raadslede en amptenare verklaar individueel dat hulle geen persoonlike belange met betrekking tot die items op die agenda het nie.<br><br>Die Direkteure Gemeenskaps-, Finansiële- en Tegniese Dienste verklaar hul persoonlike belang by ***RVA021*** op die agenda. | |
| *** | |
| **RVN004/05/2021**<br>**<u>BEKRAGTIGING VAN DIE NOTULE VAN DIE VORIGE VERGADERING SOOS GEHOU OP WOENSDAG 28 APRIL 2021</u>**<br>**3/3/2/2** | |
| **<u>BESLUIT</u>**<br><br>Dat die notule van die vorige vergadering soos gehou op Woensdag 28 April 2021, bekragtig word. | ***SENIOR TIKSTER (JM ROSENBERG)*** |
| *** | |
| **RVN005/05/2021**<br>**<u>IMPLEMENTERINGSVERSLAE VIR RAADSBESLUITE: TERUGVOERING VANAF MUNISIPALE BESTUURDER EN DIREKSIE RAKENDE DIE RAADSBESLUITE GENEEM TYDENS DIE VORIGE RAADSVERGADERING SOOS GEHOU OP WOENSDAG 28 APRIL 2021</u>**<br>**3/3/2/2** | |
| Die Munisipale Bestuurder rapporteer aan die Raad dat al die besluite in die praktyk en op die stelsel afgehandel is, behalwe die een van die Bestuurder: Strategiese Dienste en meld sy dat dit in praktyk afgehandel is en op die stelsel opgedateer moet word.<br><br>Die Voorsitter en Munisipale Bestuurder bedank almal vir die afhandeling / uitvoering van die besluite.<br><br>**KENNIS GENEEM** | ***SENIOR TIKSTER (JM ROSENBERG)*** |
| *** | |
| **RVN006/05/2021**<br>**<u>SAKE VOORTSPRUITEND UIT VORIGE NOTULE</u>**<br>**3/3/2/2** | |
| Geen | |
| *** | |

**RVN007/05/2021**
**VERKLARINGS / MEDEDELINGS DEUR DIE SPEAKER, UITVOERENDE BURGEMEESTER EN MUNISIPALE BESTUURDER**
**3/3/1/6**

Die Uitvoerende Burgemeester doen die volgende mededelings:

**LEED**

1. Dat me. F Erasmus se vader, mnr. WG Erasmus, oud-skoolhoof van Goedverwacht Primêr, oorlede is; en

2. Dat mnr. V Ockhuis en mnr. L Ockhuis se broer oorlede is.

Hy wens die bedroefde families sterkte toe wat hul geliefdes in hierdie tyd aan die dood moes afstaan.

**LIEF**

1. Dat Raadsdame Smit op Woensdag 09 Junie 2021 verjaar; en

2. Dat Raadslid Van Wyk op Maandag 14 Junie 2021 verjaar.

Hy wens hulle baie geluk en voorspoed toe met hul nuwe lewensjaar.

Verder noem die Uitvoerende Burgemeester dat Mnr. Cogell aansoek gedoen het vir ‘n dringende interdik teen homself en die Polisie op Piketberg, wat Dinsdag 09 November 2021 in die Hooggeregshof verhoor sal word.

**KENNIS GENEEM**

Die Munisipale Bestuurder doen die volgende mededeling:

Die Munisipale Bestuurder hou die COVID-19 statistieke voor aan die Raad en rapporteer dat die Bergrivier Munisipale area 48 aktiewe gevalle het en dat daar gesamentlik in WC13 94 sterfgevalle was tot dusver.

Die totale aantal positiewe COVID-19 gevalle vanaf 26 Maart 2020 tot 25 Mei 2021 in die Bergrivier area staan op 2325. Sy bedank almal wat die 5 goue reëls nakom en die boodskap uitdra dat ons veilig moet wees.

Die Speaker doen die volgende mededelings:

Die Speaker versoek dat indien ‘n Raadslid of Amptenaar siek of grieperig voel, moet hul gaan toets vir COVID-19, inplaas van aanvaar dit is dalk net ‘n gewone verkoue / griep en moet hulle ander persone aanmoedig om dieselfde te doen.

Verder lig die Speaker die Raad in dat die personeel van die Finansiële Dienste Direktoraat tydelik verskuif is vir die opknapping van die kantoorspasie en is ‘n inligtingstuk, met alle nodige kontakbesonderhede aan die Raadslede en Personeel gesirkuleer ter inligting en word alle Raadslede versoek om die publiek dienooreenkomstig in te lig.

**KENNIS GENEEM**

***

**RVN008/05/2021**
**ONDERHOUDE MET AFVAARDIGINGS**
**3/3/1/5**

Geen

***

**RVN009/05/2021**
**MOSIES / VRAE**
**3/3/1/1, 3/3/1/2**

***FIRST MOTION: COUNCILLOR DANIELS: THAT COUNCIL NOTES THAT NATIONAL CHILD PROTECTION WEEK IS COMMEMORATED ANNUALLY ACCROSS SOUTH AFRICA AND COMMENCES ON 30 MAY 2021 AND END 06 JUNE 2021 AND THAT COUNCIL CONDEMN ANY FORM OF ABUSE AND CHILD ABUSE AND ALSO THAT ALL OF US SUPPORT ANY AWARENESS ACTIVITY***

That Council supports any initiative from the different communities, with regards to the awareness of abuse including child abuse.

***SECOND MOTION: COUNCILLOR DANIELS: THAT COUNCIL NOTES AND CONGRATULATE ALL THE NEW PRINCIPALS AT THE DIFFERENT SCHOOLS IN THE BERGRIVIER MUNICIPAL AREA AND WISH THEM WELL ON THEIR JOURNEY AS LEADERS IN THEIR NEW POSITIONS***

That Council supports this initiative and that the Office of the Municipal Manager send out a formal welcoming note to these principles.

***MUNICIPAL MANAGER***

***DERDE MOSIE: RAADSDAME SMIT: REKENAAR TOERUSTING (LAPTOPS) VAN RAADSLEDE***

Raadsdame Smit lei die mosie breedvoerig in en doen navraag of die rekenaartoerusting (laptops) aan die einde van die termyn aan die Raadslede gegee kan word of teen ‘n goedkoper prys aan die Raadslede verkoop word.

**BESLUIT**

1. Dat die moontlikheid ondersoek word of die rekenaartoerusting (laptops) aan die Raadslede verkoop kan word teen markwaarde en ‘n item voorgelê word vir bespreking en oorweging by die Staande Komitee van Finansiële Dienste; en

***DIREKTEUR FINANSIËLE DIENSTE***

2. Dat die moontlikheid ondersoek word of die administrasie uittredende Raadslede kan help om rekenaartoerusting aan te koop teen ‘n beter prys in plaas daarvan om die munisipale eiendom oor te dra aan die Raadslede.

***

**RVN010/05/2021**
**<u>EERSTE DRINGENDE SAAK VANAF DIE MUNISIPALE BESTUURDER: COUNCIL RESOLUTION FOR GRANT FUNDING AND INFRASTRUCTURE PLANNING SUPPORT FROM THE DEVELOPMENT BANK OF SOUTHERN AFRICA LIMITED ("DBSA") FOR THE DEVELOPMENT OF OUR WATER SERVICE MASTER PLAN AND WATER SERVICE DEVELOPMENT PLAN (WSDP)</u>**
**9/1/2**
***(The report was tabled at the meeting as previously distributed electronically as – Annexure A)***

Die Direkteur Tegniese Dienste lei die item breedvoerig in en hou die aanbevelings voor aan die Raad vir goedkeuring.

**<u>The undermentioned resolutions were taken unanimously by Council</u>**

**<u>RESOLUTIONS</u>**

1. That the report be noted;

2. That Council hereby approves the Project, accepts the DBSA's grant funding and infrastructure planning support, and supports the implementation of the project and the terms of the Agreement;

3. That the Municipal Manager be and is hereby authorised and mandated to sign the Agreement on its behalf, and to sign and/or dispatch all documents and notices to be signed and/or dispatched by it under or in connection with the Agreement;

4. That the Municipal Manager provide the DBSA with the Designated and Authorised Signatories, any of whom shall represent the Municipality on the Project Steering Committee for the purposes stated in the Agreement;

5. That the Municipality provides the relevant FICA documentation required by the DBSA in terms of regulations 3, 4, 5 and 6 of FICA (the Financial Intelligence Centre Act, 38 of 2001); and

6. That the Municipal Manager and the Executive Mayor be authorised and mandated to consider any cosmetic changes to the resolution if requested by DBSA.

***DIRECTOR TECHNICAL SERVICES***

***

**RVN011/05/2021**
**<u>TWEEDE DRINGENDE SAAK VANAF DIE SPEAKER: HERROEP VAN RAADSBESLUIT RVN026/03/2021</u>**
**3/3/1/6**

Raadslid Daniels lei die item breedvoerig in en meld dat die besluit soos geneem op Dinsdag 30 Maart 2021 herroep word en 'n regstelling gemaak word by Raadsbesluit **RVN026/03/2021**, soos bekragtig by die Raadsvergadering, gehou op Woensdag 28 April 2021.

Dat die besluit soos volg moet lees:

**<u>BESLUIT</u>**

1. Dat die Raad die wysigings aan die toepaslike delegasies goedkeur; en

2. Dat die Raad kennis neem van die wysigings aan die Besigheidslisensiebeleid.

***SENIOR TIKSTER (JM ROSENBERG)***

***

**RVN012/05/2021**
**<u>VERVREEMDING VAN MUNISIPALE GROND: GEDEELTES VAN ERWE 4405, 3292 EN 711 PIKETBERG</u>**
**PB.4405, 3292 & 711**

Die Portefeulje Voorsitter, Raadslid Daniels, lei die item kortliks in.

Verskeie insette en kommentaar word gelewer deur Raadslid Adams, met spesifieke verwysing na beskikbare munisipale grond vir kleinboere, waarop die Uitvoerende Burgemeester reageer dat hy versoek het dat die moontlikheid ondersoek word dat grond in die industriële gebied, wat in proses is om onderverdeel te word, tydelik gebruik word om die kleinboere met vee te akkommodeer totdat hulle grond vanaf die Departement van Landbou, Grondhervorming- en ontwikkeling ontvang het.

**<u>Die onderstaande besluit word eenparig deur die Raad aanvaar</u>**

**<u>BESLUIT</u>**

Dat die item terugverwys word na die Korporatiewe Dienste Komitee vergadering vir verdere ondersoek met spesifieke verwysing na beskikbare munisipale grond wat tydelik aan die kleinboere met vee toegestaan kan word terwyl hulle aansoek doen vir grond by die Departement van Landbou, Grondhervorming- en ontwikkeling.

***BESTUURDER: BEPLANNING EN OMGEWINGSBESTUUR***

***

**RVN013/05/2021**
**<u>VERVREEMDING VAN MUNISIPALE GROND: ERF 2224 PORTERVILLE</u>**
**PTV.2224; 7/2/3/1**

Die Portefeulje Voorsitter, Raadslid Daniels lei die item breedvoerig in.

**<u>Die onderstaande besluit word eenparig deur die Raad aanvaar</u>**

**<u>BESLUIT</u>**

1. Dat Erf 2224 Porterville nie benodig word vir munisipale dienslewering;
2. Dat Erf 2224 Porterville vir Residensiële doeleindes vervreem (verkoop) word in terme van die voorsieningskanaalbeleid:
   (a) teen Erf waardasie (R57000.00) + waardasie kostes (R3000.00) + plus landmeterkostes (R6830.00) + advertering (R3170.00), as ‘n inset prys van R70 000.00 (BTW Ingesluit);
   (b) Dat die koper verantwoordelik sal wees om die oordragkoste te betaal;
   (c) Dat die suksesvolle tenderaar verantwoordelik sal wees dat die eiendom sal aansluit by munisipale ingenieursdienste soos voorsien tot bevrediging van die Direktoraat Tegniese Dienste; en
3. Dat ‘n tender proses gevolg word ooreenkomstig die Voorsieningskanaalbestuursbeleid.

***BESTUURDER: BEPLANNING EN OMGEWINGSBESTUUR***

***

**RVN014/05/2021**
**<u>COMPOSITION AND MEETING QUORUM OF THE BERGRIVIER MUNICIPAL PLANNING TRIBUNAL (MPT)</u>**
**15/1/7**

Die Portefeulje Voorsitter, Raadslid Daniels lei die item breedvoerig in.

Die Munisipale Bestuurder lewer kortliks kommentaar aan die Raad, met betrekking tot die redes vir die aanpassing van die kworum vir die "Municipal Planning Tribunal (MPT)".

**<u>The undermentioned resolutions were taken unanimously by Council</u>**

**<u>RESOLUTIONS</u>**

1. That the content of the report is noted; and
2. That the composition and number of members that make up a quorum be amended as follows: *That the Municipal Planning Tribunal (MPT) consists of six (6) members namely, any four (4) senior employees in the full-time service of the Municipality as appointed by Council to the MPT, and two (2) external, suitably qualified persons who are not employees of the Municipality or municipal councillors and are qualified town planners; of which at least 50% plus one make up the quorum of which one (1) must be an external member.*

***MANAGER: PLANNING AND ENVIRONMENTAL MANAGEMENT***

***

**RVN015/05/2021**
**<u>LEASE AGREEMENT: BOKKOMLAAN VISHUIS NO.11 ON ERF 486, VELDDRIF</u>**
**7/2/3/2; V.486**

Die Portefeulje Voorsitter, Raadslid Daniels lei die item kortliks in.

Verskeie insette en kommentaar word gelewer deur Raadsdame Crafford, met spesifieke verwysing na die intensie van die toekomstige verbruik / handel dryf vir Vishuis No.11, waarop die Direkteur Korporatiewe Dienste kortliks die tydsraamwerk uitklaar soos uiteengesit in die verslag.

Die Munisipale Bestuurder stel voor dat die intensie by 'n werkswinkel van die Raad bepaal word, alvorens die 98 dae 'n aanvang neem soos uiteengesit en verduidelik in die tydsraamwerk in die verslag.

**<u>The undermentioned resolutions were taken unanimously by Council</u>**

**<u>RESOLUTIONS</u>**

1. That Council's intention with the future dealings of Vishuis No. 11, be confirmed, in order to allow the Administration to undertake the necessary processes as may be required; and
2. That the lease agreement of Vishuis No. 11 be extended for 12 months until 30 June 2022 in order to allow enough time to comply with the legal timeframes applicable to a tender process.

***MANAGER: PLANNING AND ENVIRONMENTAL MANAGEMENT***

***

**RVN016/05/2021**
**<u>BERGHOFF: HUUR VAN GROND VIR BEDRYF VAN MODULÊRE BIBLIOTEEK</u>**
**17/3/1**

Die Portefeulje Voorsitter, Raadslid Du Plooy lei die item breedvoerig in en hou die aanbevelings voor vir goedkeuring.

**<u>Die onderstaande besluit word eenparig deur die Raad aanvaar</u>**

**<u>BESLUIT</u>**

1. Dat goedkeuring verleen word vir die huurkontrak met Mnr. Huysamer vir die modulêre Biblioteek te Berghoff, na aanleiding van die proses wat gevolg is in ooreenstemming met subartikel 116(3), van artikel 56 van die MFMA (2003). Die huurkontrak sal aangegaan word vir 'n tydperk van 9 jaar en 11 maande. Elke 2 jaar sal die nodige wysiging gedoen word om sodoende gelykmatig en geldig te bly;

2. Dat Bergrivier Munisipaliteit 'n huurkontrak aangaan om die ongeveer 80m² in die skoolterrein van Berghoff Primêr, op Pampoenfontein 187, restant van gedeelte 32, Porterville, van Berghoff Boerdery BK (Mnr. M Huysamer) te huur vir 'n tydperk van 9 jaar en 11 maande vanaf 1 Julie 2021 tot 30 Junie 2030 teen 'n bedrag van R 30 000.00 per jaar (BTW uitgesluit), met 'n eskalasie van 3% per jaar daarna, vir die bedryf van Berghoff Biblioteek;

3. Dat Mnr. Huysamer verantwoordelik is vir die instandhouding van die grond en die verskaffing van dienste (elektrisiteit, water, riool en vullisverwydering), asook vir die betaling daarvan;

4. Dat die huur vooruit betaalbaar sal wees in jaarlikse paaiemente, nl. 1 Julie tot 30 Junie van elke finansiële jaar en 'n faktuur moet deur die verhuurder daarvoor ingedien word; en

5. Dat die huur betaal sal word vanuit die jaarlikse toekenning soos ontvang vanaf die Provinsiale Biblioteekdiens.

***DIREKTEUR GEMEENSKAPSDIENSTE***

***

**RVN017/05/2021**
**<u>REVIEW OF THE PEFORMANCE AND AUDIT COMMITTEE CHARTER</u>**
**12/2/2/21**

Die Munisipale Bestuurder lei die item kortliks in.

**<u>The undermentioned resolution was taken unanimously by Council</u>**

**<u>RESOLUTION</u>**

That the reviewed Performance and Audit Committee Charter be approved by Council.

***INTERNAL AUDITOR***

***

**RVN018/05/2021**
**<u>REVIEW OF THE RISK MANGEMENT POLICIES</u>**
**12/2/2/21**

Die Munisipale Bestuurder lei die item kortliks in.

**<u>The undermentioned resolution was taken unanimously by Council</u>**

**<u>RESOLUTION</u>**

That the Risk Management policies be approved by Council.

***INTERNAL AUDITOR***

***

**RVN019/05/2021**
**DRAFT REVIEW OF THE FOURTH GENERATION INTEGRATED DEVELOPMENT PLAN (IDP) (2017 – 2022) FOLLOWING THE 4TH REVIEW PROCESS (2021/22)**
**15/1/5/5**
***(Die korrekte verslag word ter tafel gelê – Aanhangsel B)***

Die Munisipale Bestuurder gee 'n breedvoerige verduideliking van die item onder bespreking en wys vir die Raad uit dat die verkeerde aanhangsel aangeheg is in die agenda. Die Munisipale Bestuurder versprei die korrekte verslag, elektronies sowel as in harde kopie, aan die Raadslede vir bespreking en goedkeuring.

**The undermentioned resolutions were taken unanimously by Council**

**RESOLUTIONS**

1. That Council take note that, following the review process during September – November 2020, no comments were received on the resolution to make no amendments to the approved Fourth Generation IDP (May 2020) for the period 01 July 2021 to 30 June 2022;

2. That the IDP, following the 4th review process for the 2021/22 financial year of the Fourth Generation IDP (2017 – 2022) be confirmed in terms of Section 25(1) and Section 34 of the Municipal Systems Act, 2000 (Act 32 of 2000); and

3. That confirmation be submitted to the Provincial Department of Local Government, Provincial Treasury, National Treasury and the West Coast District Municipality that no changes were made to the amended IDP (as approved in May 2020) following the 4th review process during September – November 2020 for the Fourth Generation IDP (2017 – 2022).

***MUNICIPAL MANAGER***

***

**RVN020/05/2021**
**GOEDKEURING VAN DIE VIERDE AANSUIWERINGSBEGROTING: 2020/2021**
**5/1/1**
***(The 4th Adjustment budget was tabled at the meeting as previously distributed electronically as Annexure – C)***

Die Portefeulje Voorsitter, Raadsdame Crafford gee 'n breedvoerige verduideliking, met spesifieke verwysing tot die rede vir die vierde (4de) Aansuiweringsbegroting 2020/2021.

**The undermentioned resolutions were taken unanimously by Council**

**RESOLUTIONS**

1) That the fourth annual Adjustment Budget of Bergrivier Municipality for the financial year 2020/2021, be approved:

   a) Table B2: Adjustment budget Financial Performance (expenditure by standard classification);
   b) Table B3: Adjustment budget Financial Performance (expenditure by municipal vote);
   c) Table B4: Adjustment budget Financial Performance (revenue by source);
   d) Table B5: Adjustment budget Capital Expenditure for both multi-year and single year by vote, standard classification and funding;
   e) Table B6: Budgeted Financial Position;
   f) Table B7: Budgeted Cash Flow;

***DIRECTOR FINANCIAL SERVICES***

g) Table B8: Cash backed reserves/Accumulated surplus reconciliation;
h) Table B9: Asset Management;
i) Table B10: Basic service delivery measurement; and

2) That the Adjustment Budget be submitted to the authorities and in the format as required by law.

***

**RVN021/05/2021**
**<u>DRAFT MEDIUM TERM REVENUE AND EXPENDITURE FRAMEWORK – 2021/24</u>**
**5/1/1**
***(The 2021/2022, 2023/24 Medium Term Revenue and Expenditure Framework was tabled at the meeting as previously distributed electronically as Annexure – D)***

The Executive Mayor gave a brief summary of the item under discussion whereafter he presented the budget to Council for approval. He thanked the Municipal Manager and Directors, Budget-office personnel, Budget Committee members for their inputs and excellent work in this regard.

The Deputy Mayor gave a brief explanation of the changes that were made in the budget and inform Council that no comments were received from the public.

Alderlady Smit and the Speaker congratulated the Executive Mayor and the Executive Deputy Mayor for the successful completion of the budget and thanked them for the work that has been done.

The Municipal Manager thanked all the Councillors and relevant personnel for their part in completing the budget.

**<u>The undermentioned resolutions were taken unanimously by Council</u>**

**<u>RESOLUTIONS</u>**

1) The Council of Bergrivier Municipality, acting in terms of Section 24 of the Municipal Finance Management Act, (Act 56 of 2003) approves and adopts:

a) The annual budget of the municipality for the financial year 2021/22 and the multi-year and single-year capital appropriations as set out in the following tables:

i) Budgeted Financial Performance (revenue and expenditure by standard classification) – Table A2;
ii) Budgeted Financial Performance (revenue and expenditure by municipal vote) – Table A3;
iii) Budgeted Financial Performance (revenue by source and expenditure by type) – Table A4; and
iv) Multi-year and single-year capital appropriations by municipal vote and standard classification and associated funding by source – Table A5.

b) The financial position, cash flow budget, cash-backed reserve/accumulated surplus, asset management and basic service delivery targets are approved as set out in the following tables:

i) Budgeted Financial Position – Table A6;
ii) Budgeted Cash Flows – Table A7;
iii) Cash backed reserves and accumulated surplus reconciliation – Table A8;
iv) Asset management – Table A9; and
v) Basic service delivery measurement – Table A10.

***DIRECTOR FINANCIAL SERVICES***

2) The Council of Bergrivier Municipality, acting in terms of section 75A of the Local Government: Municipal Systems Act (Act 32 of 2000) approves and adopts with effect from 1 July 2021:

a) the tariffs for property rates,
b) the tariffs for electricity,
c) the tariffs for the supply of water,
d) the tariffs for sanitation services,
e) the tariffs for solid waste services,

3) The Council of Bergrivier Municipality, acting in terms of 75A of the Local Government:
Municipal Systems Act (Act 32 of 2000) approves and adopts with effect from 1 July 2021 the tariffs for other services as contained in the tariff list included in the budget document;

4) That Council specifically take note of the fact that the proposed electricity charges and tariff structure is subject to NERSA final approval;

5) To give proper effect to the municipality's annual budget, the Council of Bergrivier Municipality approves:

a) That cash backing is implemented through the utilisation of a portion of the revenue generated from property rates to ensure that all capital reserves and provisions, unspent long-term loans and unspent conditional grants are cash backed as required in terms of section 8 of the Municipal Budget and Reporting Regulations;

***DIRECTOR FINANCIAL SERVICES***

b) That the municipality be permitted to enter into long-term loans for the funding of the capital programmes in respect of the 2021/22 financial year to the amount of R14.65 million in terms of Section 46 of the Municipal Finance Management Act;

c) That the Municipal Manager be authorised to sign all necessary agreements and documents to give effect to the above lending programme;

6) That the Council of Bergrivier Municipality, acting in terms of Section 24 of the Municipal Finance Management Act, (Act 56 of 2003) approves and adopts the following existing as well as new policies:

a) Asset management policy;
b) Cash Management and Investment policy;
c) Credit control and Debt collection policy;
d) Property Rates policy and By-law;
e) Tariff policy;
f) Virement policy;
g) Supply Chain Management policy;
h) Borrowing Policy;
i) Funding, Reserves and Long Term Financial Planning Policy;
j) Budget Implementation and Monitoring Policy;
k) Petty Cash Policy;
l) Creditors councillors and staff payment policy;
m) Cost Containment policy;
n) Preferential Procurement Policy;
o) Community Upliftment policy;

7) That the service level standards attached as Annexure "D" be approved;

8) That where the tariff and other policy revisions necessitate amendments to relevant By-laws, the amendments be effected and made public in accordance with Section 75A of the Municipal Systems Act, (Act 32 of 2000);

9) That the SIME assessment, summary of key findings, risks and recommendations from Provincial Treasury attached as Annexure "E" be noted;

10) That the municipal response to the SIME assessment, attached as Annexure "f" be noted; and

11) That the procurement plans attached as Annexure "G" be noted.

***DIRECTOR FINANCIAL SERVICES***

***

**RVN022/05/2021**
**<u>OVERSIGHT REPORT ON THE 2019/20 ANNUAL REPORT SUBMITTED IN TERMS OF SECTION 129 OF THE LOCAL GOVERNMENT: MUNICIPAL FINANCE MANAGEMENT ACT, 2003 (ACT 56 OF 2003)</u>**
**9/1/1**
***('n Visuele voorlegging word gedoen)***

Die Munisipale Bestuurder lei die item kortliks in.

Raadsdame Smit hou die visuele voorlegging voor aan die Raad, sy bedank die Raadslede en Amptenare vir hul bydrae tot die 2019/20 Jaarverslag en tydens die Oorsigkomiteevergadering, soos gehou op Vrydag 07 Mei 2021.

Die Speaker bedank Raadsdame Smit vir haar leiding as Voorsitter van die Oorsigkomitee en vir die werk wat gedoen was, met spesifieke verwysing na die 2019/20 Jaarverslag.

***(Die Direkteure Finansiële-, Tegniese- en Gemeenskapsdienste verlaat die vergadering om 15:30 voor bespreking van die verslag en aanbevelings vir goedkeuring)***

Die Munisipale Bestuurder bevestig dat die Direkteure Gemeenskaps- en Tegniese Dienste die aanlyn platform verlaat het en hou die aanbevelings voor aan die Raad vir goedkeuring.

**<u>The undermentioned resolutions were taken unanimously by Council</u>**

**<u>RESOLUTIONS</u>**

1. That Council adopts the Oversight Report and approves the 2019/20 Annual Report without reservations in terms of Section 129 (1)(a) of the Local Government: Municipal Finance Management Act, 2003 (Act 56 of 2003);

2. That the Accounting Officer submit copies of the minutes of this Council Meeting to the Auditor-General, the relevant Provincial Treasury and the Provincial Department responsible for Local Government in the Province;

3. That the Accounting Officer make the Oversight Report public in accordance with section 21A of the Municipal Systems Act within seven days;

4. That Council approves the payment of:

   i) a 14 % performance bonus to the CFO, Mr. F. Lötter, for the period 01 November 2019 – 30 June 2020;

   ii) a 14 % performance bonus to the Director Community Service, Mr. Dean Josephus, for the period 01 July 2019 – 30 June 2020;

***MUNICIPAL MANAGER***

iii) a 9 % performance bonus to the Director Technical Services, Mr. Chris Koch, for the period 01 November 2019 – 30 June 2020; and

5. That Council acknowledges the dispute registered at the Auditor-General against the audit outcome of the Annual Financial Statements and that the Annual Report contains the original outcome. Any changes in the audit outcome, will affect the Annual Report.

***MUNICIPAL MANAGER***

***

**RVN023/05/2021**
**<u>REVIEW OF ANTI- FRAUD AND CORRUPTION POLICY</u>**
**12/2/2/1**

Die Munisipale Bestuurder lei die item kortliks in, waarna sy die Interne Ouditeur bedank vir die werk gedoen met die "Anti-Fraud and Corruption Policy".

**<u>The undermentioned resolution was taken unanimously by Council</u>**

**<u>RESOLUTION</u>**

That Council approves the Anti-Fraud and Corruption Policy (which includes the Fraud Prevention Strategy and the Fraud and Corruption Management Implementation Plan).

***INTERNAL AUDITOR***

***

**RVN024/05/2021**
**<u>MONTHLY BUDGET STATEMENT: MARCH 2021</u>**
**5/1/1**

**<u>The undermentioned resolution was taken unanimously by Council</u>**

**<u>RESOLUTION</u>**

That Council note the monthly budget statement and supporting documentation for March 2021.

***DIRECTOR FINANCIAL SERVICES***

***

**RVN025/05/2021**
**<u>MAANDVERSLAG: UITGAWES EN VOORSIENINGSKANAALBESTUUR: MAART 2021</u>**
**5/1/B, 5/1/1**

**<u>The undermentioned resolutions were taken unanimously by Council</u>**

**<u>RESOLUTIONS</u>**

1. That Council take note of the March 2021 Supply Chain Management Implementation report and that it be made public in accordance with Section 21A of the Municipal Systems Act; and

2. That Council take note that a total of R43 245.21 expenditure incurred during the month of March 2021 to prevent the spread of COVID-19 and to aid in humanitarian relief during the period of lockdown level 1.

***DIRECTOR FINANCIAL SERVICES***

***

**RVN026/05/2021**
**BESLUITE VIR KENNISNAME INGEVOLGE GEDELEGEERDE BEVOEGDHEID VAN UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE SE VERGADERING: DONDERDAG 11 MAART 2021**
**3/2/1/3**

**Die onderstaande besluit word eenparig deur die Raad aanvaar**

**BESLUIT**

Dat die Raad kennis neem van die besluite van die Uitvoerende Burgemeesterskomitee se vergadering gehou op Donderdag 11 Maart 2021, soos voorgelê.

***

**RVN027/05/2021**
**BESLUITE VIR KENNISNAME INGEVOLGE GEDELEGEERDE BEVOEGDHEID VAN UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE SE VERGADERING: DINSDAG 30 MAART 2021**
**3/2/1/3**

**Die onderstaande besluit word eenparig deur die Raad aanvaar**

**BESLUIT**

Dat die Raad kennis neem van die besluite van die Uitvoerende Burgemeesterskomitee se vergadering gehou op Dinsdag 30 Maart 2021, soos voorgelê.

***

**RVN028/05/2021**
**WYKSKOMITEES: KENNISNAME / BESPREKING VAN VERSLAE EN NOTULES**
**3/2/1/3**

Geen

***

***Die vergadering gaan IN-KOMITEE voort. Die Direkteur Korporatiewe Dienste, Direkteur Tegniese Dienste, Direkteur Finansiële Dienste, Direkteur Gemeenskapsdienste, Interne Ouditeur en die Senior Tikster verlaat die vergadering.***

**RVN029/05/2021**
**IN-KOMITEE: AANBEVELINGS EN VERSLAE VOORGELÊ VIR OORWEGING DEUR DIE RAAD: VERGOEDING VAN DIREKSIE**
**3/2/1/3**

Die Uitvoerende Onderburgemeester lei die item breedvoerig in.

Verskeie insette en kommentaar word gelewer deur die Komiteelede.

**Die onderstaande besluit word eenparig deur die Raad aanvaar**

**BESLUIT**

In die lig van die duidelike regsonsekerheid wat tans bestaan en die onbedoelde uitkomste van die boperke en die onregverdige praktyke wat dit in Bergrivier Munisipaliteit skep, asook in ‘n poging om goeie werknemers vir Bergrivier Munisipaliteit en haar gemeenskappe te behou, word soos volg deur die Uitvoerende Burgemeesterskomitee aanbeveel aan die Raad vir oorweging en goedkeuring:

1. Dat Direkteure wat as Artikel 56 Senior Bestuurders aangestel is en word, op dieselfde vergelykbare vlak van vergoeding aangestel word as die huidige Direkteur in diens;

***MUNISIPALE BESTUURDER***

2. Dat die vergoeding reggestel word met ingang vanaf 1 Julie 2020 en dat die drie relevante Direkteure (tans CFO, DGD en DTD) terugwerkend vergoed word tot en met 1 Julie 2020;

3. Dat die onderhandelde verhoging in die SALGBC wat op alle Munisipale Personeel van toepassing is, ook in die toekoms (vanaf 1 Julie 2021 en verder) op die Artikel 56 aanstellings van toepassing sal wees;

4. Dat kennis geneem word van die feit dat die drie relevante Artikel 56 aanstellings onderhewig is aan prestasie bonusse wat gekoppel is aan die uitslag van 'n twee jaarlikse evalueringspaneel en dat 11% van hul Total Cost to Company daarvoor opsy gesit word (sien berekenings in **Aanhangsel E**);

5. Dat hierdie besluit geïmplementeer word voor einde Junie 2021 nadat die berekeninge deur die Interne Ouditeur geoudit is; en

6. Dat indien hierdie besluit enige aanpassings in die huidige dienskontrakte van die drie Direkteure vereis, die Munisipale Bestuurder gemagtig en versoek word om dit te wysig en te onderteken in lyn met die Raadsbesluit.

***MUNISIPALE BESTUURDER***

***

**RVN030/05/2021**
**<u>IN-KOMITEE: BESLUITE INGEVOLGE GEDELEGEERDE BEVOEGDHEID EN ITEMS WAARVAN KENNIS GENEEM IS, TER INLIGTING VAN DIE RAAD</u>**
**3/2/1/3**

Geen

***

## *DIE VERGADERING VERDAAG OM 16:00*

*HIERMEE BEVESTIG EK DIE ONDERGETEKENDE DAT HIERDIE NOTULE SOOS BEKRAGTIG 'N WARE WEERGAWE IS VAN DIE VERRIGTINGE*

____________________ ____________________
***VOORSITTER*** ***DATUM***